# OPSOMMING

Bestaande navorsing oor die assosiasie wat die kind vorm tussen emosie en kleur is beperk, beide in terme van die aantal navorsingstudies en in die veralgemeenbaarheid van die resultate ten opsigte van die vyfjarige kind.

Hierdie studie het gepoog om die individuele, unieke, simboliese betekenis te ondersoek tussen die belewing van emosie en kleur by die vyfjarige kind. Dit het behels dat kleur as 'n hulpmiddel aangewend is, ten einde die identifisering van emosie te vergemaklik.

Die steekproef het bestaan uit vyf, vyfjarige Afrikaans-sprekende kinders. 'n Tegniek, deur die navorser ontwikkel, is gebruik om die bogenoemde te ondersoek.

Die resultate van hierdie studie het getoon dat kinders van vyfjarige ouderdom se assosiasies tussen emosies en kleur nie veralgemeen kan word nie. Die studie het verder getoon dat kleur 'n bruikbare hulpmiddel is in die identifisering van emosies by die vyfjarige kind. Die resultate van die studie is met vorige relevante navorsingsbevindinge vergelyk en bepaalde aanbevelings is gemaak vir toekomstige navorsing rakende hierdie onderwerp.